
Comment Komentaar

deur Dr George Davie



Kalmering of normalisering?

Hoe skryf u kalmeermiddels voor? Dit is insiggewend om te sien hoe dat ons almal ten opsigte van ons uitgangspunt verskil. Of ons handeling in praktyk verskil is nog nie vir my duidelik nie.

Ek het twintig jaar gelede begin praktiseer met die wete dat diasepam verslawing 'n uiters gevaarlike situasie was en dat ek geen persoon vir langer as veertien dae hierdie kruk sou verleen nie.

My optimisme in verband met deurlopende psigiese onderskraging van pasiënte was destyds ook baie meer prominent.

Die onderskeid tussen fisiese han-

tering van 'n pasiënt het hulle duidelike afbakenings verloor sodat daar nou 'n groot grys area tussen die twee begrippe bestaan.

Diasepam vrees het nie by my gegroei nie maar die gevaar van alkohol misbruik het my respek afgedwing. Indien ek vandag 'n keuse sou hê tussen alkohol misbruik of diasepam verslawing sou ek sonder huiwering nie alkohol kies nie.

Waarom skryf ek dan "so maklik" diasepam voor in my praktyk? Is dit omdat ek nie die nodige geestelike hulp aan 'n pasiënt wil of kan verleen nie? Ek dink nie so nie. Ek kan nie saam met 'n pasiënt terugkeer na sy

probleem situasie nie.

Hy is egter geregtig op 'n kruk om pyn van nadelige oorreaksie en gedagte gemaal tydelik te verminder.

Wat is my houding ten opsigte van die persone wat kalmeermiddels in hulle daaglikse lewe ingebou het? Ek is van mening dat daar mense is wie se lewe meer leefbaar is met die hulp van hierdie chemikalië en ek respekteer hulle besluit alhoewel ek saam met hulle jubel wanneer hulle besluit om die krukke weg te gooi.

Hoe voel die ander ouer dokters omtrent hierdie probleem in hulle verskillende praktykgebiede met uiteenlopende praktyksprofiële?